# Die Innigheid van God

## Hoe kosbaar om die Teenwoordigheid van my Heer te Ken



Gavin Devlin

# Die Innigheid van God

## Hoe Kosbaar om die Teenwoordigheid van my Heer te Ken

**Gavin Devlin**

VadervanLiefde.com

**10 Oktober 2020**

**Vertaal na Afirkaans: Augustus 2021**

# Inhoud

Die werklikheid van die versoening tussen God die Vader en die Mens ........ 4
Die Spieël ........ 8
Adam en Eva ........ 10
Die Gevolge van die Sondeval ........ 12
God haat dit om van Sy kinders geskei te word ........ 15
“U het vir My ‘n liggaam berei” – Nog ‘n woonplek vir God ........ 20
Onrein dinge wat ons van God skei ........ 31

# Die werklikheid van die versoening tussen God die Vader en die Mens

Voordat ek begin, laat ons kniel in gebed:  Ons genadige Vader, ons is weer veheug om voor U troon van genade te kom om hulp te vind in hierdie tyd van nood. Indien daar ooit 'n tyd van nood was, is dit nou. Vader, ons kyk oor die wêreld heen na die onsekerheid, maar ons kyk met vertroue na die hemel, want ons weet dat U in beheer is en dat U planne tot stand sal kom indien ons U aanhou volg, Here, en ons harte aan U te gee. Ek dank U dat U Jesus, die Leidsman en Voleinder van ons geloof, gegee het. Dit is wonderlik hoedat Hy in en deur ons werk om U goeie wil te doen. Ek bid dat U deur my sal spreek. Ek dank U vir die voorbereiding en samestelling hiervan. Here, ek sien uit daarna om U mense, U kinders, in hierdie tyd te seën. In die Naam van die Here Jesus, Amen.

Ek wil die werklilkheid van die versoening tussen God en die mens ondersoek. Wat beteken versoening?

Gemeente:  Om weer bymekaar teruggebring te word.

Om weer bymekaar gebring te word! Kan jy versoen word sonder om weer bymekaar gebring te word?

Gemeente:  Nee.

Dit sou tog nie sin maak nie. Indien dit die geval is, is dit nie **versoening** nie. Dus is my titel:  "Hoe kosbaar om die Teenwoordigheid van my Heer te ken" - dit is die langer titel. Hoe kosbaar om die teenwoordigheid van my Heer te ken, of "Die Innigheid van God" - dit is die kort titel.

Die Skepping – Waarom is die mens geskape? Die mens is na die beeld van God geskape vir dié doel: om God te vrees en Hom heerlikheid te gee, want die uur van Sy oordeel het gekom en om Hom te aanbid wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine en alles wat daarin is, gemaak het. Openbaring 14:7. Adam en Eva het dieselfde kosbare voorreg as wat ons vandag het, gehad. Hulle is geskape vir die kosbaarste werk, om eer aan God te gee; dit is om Sy karakter te verstaan en te verteenwoordig. Dieselfde werk wat ons in hierdie laaste dae het, naamlik om die "ewige evangelie" te deel; dit is God se plan vir die mensdom wat toon hoe Hy in wese is. Elke skepsel wat ooit geskape is, is geskape om God te vrees, om Sy grootheid te sien en op Hom te reageer, om Hom eer in hulle lewens te gee en Hom te aanbid.

Die "uur van Sy oordeel" het gekom as gevolg van die rebellie van Lucifer in die hemel wat God 'in die kollig geplaas' het deur 'n paar kwessies omtrent Hom aan te raak wat glad nie waar was nie. Hy het leuens en bedrog omtrent God verkoop, en 'n derde van die engele het in sy misleiding geval (Openbaring 12:4), hulle het hul glorieryke en eerbare posisie in die hemel verbeur. Selfs die lojale engele was verward en ontstem deur Satan se argumente. Dit het nodig geword dat God die lug suiwer en die twyfel, wat die geskape wesens in Hom gehad het, omtrent Sy karakter en hoe die beginsels van Sy koninkryk werk, aanspreek; veral oor Sy genade en geregtigheid.

Om dit te bewerkstellig het God nie 'n vergadering belê en Lucifer en die gevalle engele, in die teenwoordigheid van al die getroue engele, veroordeel nie. Hy het nie probeer om die ander verkeerd te bewys nie. Wat Hy ook nie gedoen het nie, was om te sê, "Moenie bekommerd wees oor enigiets wat jy gehoor het nie. Vertrou My net!" Hy was nie 'n verkoopsman nie.

Blindelingse aanvaarding van God se wil sal nie die atmosfeer van liefde en gemeenskap wat God begeer het, herstel nie, want na al die leuens en insinuasies, na die hartseer werklikheid van die woordestryd – die '*polemos*', die argument (Openbaring 12:7) in die hemel – was daar troubreuk, 'n verval vanaf die oorspronklike sekerheid en stabiliteit in die heelal. God het die omvang van die twyfel en wanorde geken, selfs al het die geskape wesens dit nie besef nie.

Indien God op daardie punt bloot opgestaan het en gesê het, "Vertrou net op My," sou Sy woorde goedkoop en leeg gewees het. Satan het God spesifiek daarvan beskuldig dat Hy selfsugtig en onbetroubaar is, en blote woorde is nie genoeg om daardie beskuldiging te weerlê nie. Daar is 'n uitdrukking: "The proof of the pudding is in die eating." Die goedheid van God kan werklik deur ons ervaar word (Psalm 34:9). Die heelal moes dit self sien en ondervind.

So het die wêreld as't ware 'n teater geword, maar nie met mense wat voorgee nie, nie mense wat toneelspeel nie, nie mense wat net 'n rol vertolk nie. Nie God of Sy Seun het 'n rol aangeneem nie. Ons is nie rolspelers nie. Ons is in werklikheid in 'n ware stryd... en dit gaan omtrent die karakter van God en die wyse waarop Sy regering funksioneer. God is veral dopgehou en beoordeel oor hoe Hy die probleme wat deur Lucifer se rebellie veroorsaak is, sou hanteer.

Wat nodig was, was 'n werklike *demonstrasie* van hoe die beginsels van God se koninkryk werk. Daarom het God, hoewel hy reeds die plan gehad het om die mens te skep, hierdie plan na die val van Lucifer in werking gestel. Deur die drama van hierdie wêreld te aanskou, deur die vermeerdering van die menslike familie, sou God se koninkryksbeginsels duidelik word.

So het God die egpaar geskape na Sy beeld. “Na die beeld van God het Hy hulle geskape,” man en vrou: die man as die hoof van die huis en die vrou as die hulp, die assistant. Net soos die Vader die hoof van Christus is en Christus Sy Vader in alle dinge bystaan, so sou Eva haar man help om die dinge van die aarde te regeer. In hulle heerskappy oor die dinge van hierdie aarde, oor die wesens van hierdie planeet en die grootmaak van hulle kinders, sou hulle deur hul gehoorsaamheid en getrouheid aan God demonstreer hoe God in wese is en hoe Sy regering funksioneer.

Nadat Hy Adam uit die stof van die aarde gevorm het, het God die asem van die lewe in sy neus geblaas en Adam het ‘n lewende siel geword. Deur God se Gees te ontvang, het Adam lewenskrag en die gawe van die lewe ontvang… hy het begin asemhaal, sy oë oopgemaak en opgekyk en Sy Skepper gesien. Dit moes ‘n besonderse oomblik vir Adam gewees het.

Nogtans was dit nie genoeg vir Adam om net te lewe en asem te haal nie! God wou ‘n dieper verhouding met Adam bewerkstellig; dus, tesame met die lewenskrag, is die teenwoordigheid van God gegee, wat Adam en ook Eva vervul het. Die manifestasie van daardie interne werklikheid was ‘n pragtige uiterlike glans, 'n kleed van lig wat toon dat God se teenwoordigheid in hulle en met hulle was.

Die Bybel vertel ons dat hulle naak was, maar hulle was nie skaam nie. Hulle het geen rede gehad tot skaamte nie, want hulle was ten volle geklee met hierdie pragtige glans, soos God hulle geskape het. Daardie glans was baie soortgelyk aan die glans wat Moses gehad het nadat hy veertig dae saam met God op die berg was. Met sy terugkeer van die berg af het sy gesig geskyn, sodat hulle hom gevra het om sy gesig te bedek om die heerlikheid te verskans. Die glans

was te helder vir die mense om daarna te kyk. Jesus het ook hierdie glans gehad toe Hy saam met Sy dissipels op na die berg van verheerliking gegaan het. Moses en Elia het afgekom na Hom en die Vader het daardie tyd gespreek en gesê – “Dit is my geliefde Seun: luister na Hom,” en weereens was daar die verheerlikte glans om Christus. Dit is waarmee Adam en Eva oorspronklik geklee was.

## Die Spieël

Net soos Adam en sy vrou die heerlikheid van die Skepper en Sy Seun weerspieël het, moes die natuur ook daardie pragtige verhouding tussen Adam en Eva en ook tussen hulle en God, weerspieël. Soos die mens onderdanig en gehoorsaam was aan die wil van sy Skepper, deur die kennis van Sy karakter en weë uit te brei en te deel, so sou die natuur hom aan die mens onderwerp en sou die tuin uitbrei, ook in skoonheid en vrugbaarheid. Hierin sou die karakter van God en die beginsels van Sy koninkryk na vore gebring word, voorgestel in volmaatheid.

Ongelukkig, soos ons almal te goed weet, verloop dinge nie altyd volgens plan nie. Net soos dit met ons gaan, gaan dit met God. Nie alles in God se plan het volgens plan verloop nie.

Wanneer mense of engele die kosbaarste gawe van vryheid van keuse het, is daar altyd die kans dat iemand die keuse kan maak: “Nee, ek wil dit nie so doen nie. Ek wil dit nie op jou manier doen nie. Ek wil dit op my eie manier doen.”

Daarom is daar sekere beginsels van God se karakter en koninkryk wat gedurende goeie en slegte tye van toepassing is.

Beginsel 1 – God het aan elke morele wese die gawe van vrye keuse gegee… Elkeen!

Beginsel 2 – God sal daardie gawe nooit herroep nie, ongeag die gevolge daarvan… goed of sleg.

Beginsel 3 – God is bereid om die gevolge van ons swak keuses te dra… So moet ons dus bereid te wees om die gevolge van ons swak keuses te dra, maar dit is nie wat ons doen nie!

Beginsel 4 – God sal alles in Sy vermoë doen om ons van ons swak keuses te red, dit sluit waarskuwings in en pogings om ons te red. Die enigste ding wat Hy nie sal doen om ons van ons swak keuses te red nie, is om ons te forseer. Hy sal NOOIT dwang gebruik nie.

Beginsel 5 – God sal ons toelaat om die gevolge van ons swak keuses te dra, hoe ernstig dit ook al is, indien ons weier om Sy aanbod om ons te help en te red, te aanvaar. As gevolg van Sy verbintenis tot vrye keuse, sal en kan Hy nie ongenooid in ons lewens toetree nie. Die goeie nuus is dat ons namens ander kan bid. As medemens kan ons God uitnooi om in te tree, dus het ons 'n groot rol om te vervul!

Beginsel 6 – God is bereid om die volle verantwoordelikheid vir die gevolge van alles onder Sy soewereine heerskappy te aanvaar, omdat Hy dit toelaat om te gebeur. Hy sou kon sê, "Nee, Ek gaan nie toelaat dat daardie ding gebeur nie. Ek gee jou nie hierdie vrye keuse nie. Ek kan dit nie toelaat nie, want jy is op die punt om 'n swak besluit te neem!" God doen dit nie. Hy neem volle verantwoordelikheid vir die gevolge, selfs al beteken dit ons dood. Hy gee ons die vryheid om in daardie rigting te gaan weens die voorafgaande vyf beginsels.

Beginsel 7 – God as ons Skepper, treur wanneer ons van Hom af wegdraai. In al ons benoudhede is Hy benoud (Jesaja 63:9). Hy juig ook met sang wanneer ons na Hom terugkeer. Daarom verstaan Hy ons op ‘n intieme vlak. Daarom doen Hy alles in Sy vermoë om ons te waarsku voordat ons ons swak keuses maak. Hy het Hom daartoe verbind om alles in sy vermoë te doen om ons te red wanneer ons ons swak keuses maak en die verkeerde rigting inslaan. Hy het ‘n reddingspakket, die grootste reddingspakket wat ooit in werking gestel is! Hy wil ons in ons oorspronklike verhouding met Hom herstel deur Sy liefde te demonstreer: die onderliggende beginsel en basis van Sy karakter en Sy regering! Dit is nie vir ons maklik om Sy liefde te begryp nie. Daarom het God die afgelope 6000 jaar Sy liefdevolle regering gedemonstreer, in afwagting op die dag dat dit alles in plek sal val en die mensdom sy ‘eureka’-oomblik sal hê en Jesus kan terugkeer!

## Adam en Eva

Ons sal nou die verhaal van Adam en Eva in die tuin bestudeer. Ons ken die uitkoms. Die slang het hulle versoek, mislei en veroorsaak dat hulle deur hul eie bereidwilligheid val, deur God se woord te verwerp en die slang se woord te ontvang. Hulle het hul vryheid gebruik om te kies om ‘n ander manier te leef as wat God vir hulle uiteengesit het. Dit het daartoe gelei dat die heerlikheid van God van hulle gewyk het. Die kleed van lig en glans, waarmee hulle geskape is, het hulle nie meer gehad nie en hulle het hul naaktheid besef.

Let op na die beginsels, soos vroeër genoem, in hierdie verhaal.

Beginsel 1: Hulle het die gawe van hul vryheid van keuse gebruik om die verbode vrug te neem en te eet.

Beginsel 2: God het hul vryheid van keuse nie tydens die versoeking herroep nie.

Beginsel 3: God was bereid om die gevolge van verwerping te dra, sowel as die pyn wat dit Hom én hulle sou veroorsaak.

Beginsel 4: Hy het Sy verlossingsplan geopenbaar. Goeie nuus! God laat ons nooit in die steek nie. Hy sal nooit aanvaar dat Hy verwerp word sonder om ons liefde te probeer terugwen nie. Hy doen alles wat Hy kan om ons verhouding met Hom te herstel, sodat ons met Hom versoen kan word.

Beginsel 5: Die gevolge van hul keuse het duidelik geword nadat hul die kleed van heerlikheid verloor het en hulle uit hul huis in die tuin verwyder is.

Beginsel 6: God het toegelaat dat lewenslesse geleer word in die groter tuin van die lewe, buite die Tuin van Eden, omdat God geweet het wat die gevolge van hul sonde sou wees. Hierdie wêreld het die teater en klaskamer van die lewe geword. Dit is hier waar die natuur sou weerspieël wat in Adam en Eva en hul familie is. Die menslike hart is die termostaat wat die spanningsvlakke en gemaksvlakke van die lewe beheer. Die natuur is die termometer wat onthul waar hierdie vlakke lê. Let op dat die menslike hart onsigbaar is terwyl die natuur sigbaar is. Hulle sou die aard van hulle harte en die gevolge van hul sonde leer ken op hul lewensreis, aangesien die natuur dit aan hulle terugweerkaats. Dit geld ook in ons moderne tyd. Die dorings is ‘n weerspieëling van Adam en Eva se opstand, net soos die ekologiese chaos van vandag ‘n weerspieëling van die chaos en wanorde in die menslike hart is. Die vraag is: Wat sal die natuur ons moet wys voordat ons ons gebrokenheid herken?

Nog iets om in aanmerking te neem, is die pyn wat God ly weens die sondeval van die mens. Die verwydering van Sy kinders bring aan God oneindige ellende. Deur na mense uit te reik en voortdurend verwerp te word, asook die wete dat die verwerping ontsaglike gevolge bring, vul Christus met angs en lyding. Dit is nie vir God maklik om Sy kinders in ons wêreld van pyn en lyding te aanskou nie. Elke doring en distel wat deur die mens ervaar word, is 'n sigbare weerspieëling van die pyn wat ons hemelse Vader ook ly, terwyl Hy van Sy geliefdes geskei is.

## Die Gevolge van die Sondeval

**Gevolg Nommer 1:** Oordeel en Veroordeling

Nadat Adam en Eva die stem van die HERE God in die tuin gehoor het, het hulle gevoel van selfveroordeling veroorsaak dat Adam en Eva weggehardloop en tussen die bome weggekruip het. Daar is geen aanduiding dat God hulle enigsins veroordeel het nie. God het bloot 'n stel vrae gevra en probeer om Adam en Eva aan te spoor om na te dink oor hul keuses en hoe hulle op daardie stadium daaroor gevoel het – hoe hulle oor Hom gevoel het en hoe hulle oor hulself gevoel het.

In Romeine hoofstuk 5, vers 15 tot 17, praat Paulus hieroor. Ek het in my notas in rooi uitgelig wat Adam gedoen het en wat God deur Christus gedoen het, in blou. Dit balanseer – Adam en Christus; Adam, Christus; rooi, blou. Op hierdie manier kan ons dus duidelik optel wie die veroordeling doen en wie die regter is. Is God die regter? Is God die een wat veroordeel? Of is Adam die regter? Is Adam die een wat veroordeel? Kyk dus na die balans, soos dit heen en weer gaan.

In Romeine 5:15

"Maar dit is met die misdaad (deur Adam) nie soos met die genadegawe (deur Christus) nie; want as deur die misdaad van die één baie gesterf het (deur Adam), veel meer het die genade van God en die gawe deur die genade (deur Christus) van die een mens, Jesus Christus, vir baie oorvloedig geword.

Vers 16

"En nie soos deur één wat gesondig het (Adam), is die gawe (Christus) nie; want die oordeel was uit één tot **veroordeling** (Adam), maar die genadegawe is uit baie misdade tot vryspraak (Christus)."

Vers 17

"Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één (Adam), veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus.

Kyk net die pragtige balans dwarsdeur al die verse! Dit sal 'n verdraaiing van die Skrif wees om te sê dat God die regter was in die lig van hoe Paulus dit hier verduidelik. ... Adam ... Christus, Adam ... Christus. Dit is duidelik dat die oordeel, en die veroordeling, afkomstig was van ADAM ... **dit was nie van God afkomstig nie!**

Dit was hulle selfveroordeling wat hulle haas veroorsaak het om te hardloop en weg te kruip toe God hulle geroep het – en is ons nie ook maar net so nie? Hoeveel male in ons lewens, of dit nou 'n geestelike kwessie of 'n ander lewenskwessie is, is dit ons wat weghardloop of wegkruip vir iets of iemand, as gevolg van iets wat ons gedoen het. Dit was Adam en Eva se selfveroordeling wat hulle begeerte om te hardloop en weg te kruip, ontlok het en sodoende

die skeiding, wat die sonde veroorsaak het, tussen hulle en God gebring het. Dit is ons selfveroordeling wat ons ook laat weghardloop, wat skeiding tussen mekaar bring en ons afskei van God.

**Gevolg Nommer 2:** Die Skeiding

Jesaja 59, Vers 1:
"Kyk, die hand van die HERE is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie."

God se arm is nie in 'n skouerverband sodat Hy ons nie meer kan help nie. En Hy het nie gehoorstukkies nodig om ons te hoor nie.

Maar vers 2 sê:
"maar **julle** ongeregtighede het 'n skeidsmuur geword tussen **julle** en julle God, en **julle** sondes het sy aangesig vir **julle** verberg, sodat Hy nie hoor nie."

Kyk daar, God hoor ons nie! Dink mooi daaroor. Waarom sal Hy nie hoor nie? Hy sien Adam en Eva in die tuin, maar waarom hoor Hy hulle nie? Dit is omdat **hulle** weggehardloop en vir Hom weggekruip het! **Hulle** het opgehou om met Hom te praat. Dit is heeltemal onmoontlik dat jy iemand kan hoor wat opgehou het om met jou te praat, reg? God se oor is nie te swaar dat Hy nie kan hoor nie! Ongelukkig kan Hy nie hoor indien jy nie met Hom praat nie.

Gemeente: Tensy jy met die verkeerde god praat.

Ja, dit sal ook 'n probleem skep!

Gemeente: Jy sou in die lug praat.

Dit is ons skeiding wat spruit uit ons selfveroordeling, ons wat wegkruip vir God, wat maak dat God ons nie kan hoor nie.

**Gevolg Nommer 3**:  Die Dood

Wanneer ons eers onsself geoordeel, veroordeel en weggehardloop het van die Bron van Lewe… wat is altyd die voor die hand liggende uitkoms?

Gemeente:  Die dood.

Die dood! Skeiding van die Lewensbron bring die dood. Dit is nie 'n willekeurige straf van God nie. Dit was nooit en sal nooit wees nie!

## God haat dit om van Sy kinders geskei te word

God se begeerte is om naby Sy kinders te wees… Nog altyd! Sy begeerte het nog nooit verander nie. Dit word duidelik in Genesis 3 aangetoon dat sonde God nie van ons skei nie. Dit skei *ons van God*. Dit is ons wat weghardloop! God het nie ‘n probleem met ons nie. Ons het ‘n probleem met God!

Die feit dat God in die tuin gaan soek het na Sy kinders, toon duidelik hoe lief God hulle het. Dit toon ook aan hoeveel Hy vir óns omgee! Sy begeerte om by hulle te wees, het geensins verander nie, aangesien Sy begeerte om by ons te wees, op geen enkele manier verminder het nie. Die rede waarom God nie in ons sondige toestand tot ons kan nader nie, is nie omdat Hy nie naby ons wil wees nie… dit is nie omdat Hy nie by ons wil wees nie! Dit is omdat ons nie naby Hom wil wees nie. Ons will nie by Hom wees nie! Die glans van Sy heerlikheid en die reinheid van Sy karakter sal vir ons ‘n verterende vuur van *selfveroordeling* wees wat ons onmiddelike dood veroorsaak… en dit sal God ten alle koste vermy.

Is dit nie wonderlik nie? 'n Wonderlike ding! God se liefde vir ons is so sterk. Omdat Hy weet dat Sy goedheid so kragtig is, sal Hy nie eers die volheid van Sy heerlikheid aan ons openbaar nie, want dit mag ons dalk wegdryf en doodmaak. Daarom moet Hy Homself geleidelik, in matigheid, openbaar om Sy verbintenis met ons stadig te herstel.

Ons weet dat alle kommunikasie vanuit die Hemel deur God se Seun geskied. God, ons Vader, spreek nie meer persoonlik met ons nie. Hy spreek deur Sy Seun. Selfs Sy Gees vloei deur Sy Seun! Wanneer God met ons wil praat, spreek Hy deur Sy verteenwoordiger, Christus. Christus is die enigste middelaar tussen God en die mens. (1 Timóteüs 2:5).

Met verloop van tyd het die skeiding tussen God en Sy kinders al hoe moeiliker geword. Om geskei te wees van een kind is vir God hartsverskeurend. Stel jou voor al jou kinders verstoot jou terwyl jy bittergraag by hulle wil wees. Die fokus van Sy *agape* liefde vir elke individuele kind, en ook vir Sy eerste twee in die tuin van Eden, is en was so sterk dat verwerping vir Hom en Sy Seun soos die dood is en was. Verwerping het Hulle harte op 'n manier deurboor, glo ek, wat ons nie verstaan nie. Jesus is die Lam wat vanaf die grondlegging van die wêreld geslag is as gevolg van die skeiding wat deur ons sonde veroorsaak is. Hy deel in Sy Vader se leed. God smag daarna om naby ons te wees en ons vir ewig in vreugde en vervulling te sien lewe.

Daar was 'n paar individue wat toegelaat het dat God in die persoon van Sy Seun naby hulle kom. Dink aan Henog… Henog het met God gewandel. Hy en God was so naby aan mekaar dat hy saam met Hom tot in die hemel gewandel het… terug na Sy Vader se huis.

Noag het genade in die oë van die Here gevind. Ek is seker dat die Skrif nie al die verhale vertel van al die individue wat voor die vloed

‘n pragtige verhouding met God gehad het nie. Ná die vloed was daar Abraham, hoewel Abraham wel foute begaan het. Het Abraham foute gemaak?

Gemeente: Ja.

Nogtans is Abraham ‘n “vriend van God” genoem. Dit moes sy kinders en hul verhouding met God grootliks beïnvloed het. Isak, Jakob en Josef het almal goeie verhoudings met God gehad, selfs deur hul moeilikhede heen. Hulle het almal deur geloof aan God se beloftes vasgehou. Pragtig! Hulle is sekerlik met God versoen!

Ongelukkig het die oorweldigende meerderheid van God se kinders om verskillende redes nie ‘n verhouding met hul hemelse Vader gehad nie, en wou hulle dit basies nie hê nie. Dit maak God aanhoudend seer; iets wat bo ons vermoë is om dit te begryp.

Dink aan die tyd toe jy op jou ergste gevoel het… toe jy deur iemand verwerp is. Dit maak seer! Ek het voorheen my storie gedeel toe ek trane gestort het in die fabriek waar ek gewerk het, weens verwerping deur ‘n medewerker oor ‘n lang tydperk. Hy was ‘n mede-Christen. Dit maak seer! Ek het dit oor ‘n lang tydperk in my omgedra.

Stel jou voor die lyding wat ons Vader dra oor ‘n lang, land typerk! Wat gaan God doen indien Sy kinders Hom aanhoudend verstoot, sonder om in Hom belang te stel?

Wel, toe Hy die kinders van Israel uit Egipte gelei en hulle bevry het van die slawerny en verdrukking waaronder hulle vir eeue lank gebuk gegaan het, het Hy vir Moses gesê, soos opgeteken in Eksodus 25:8, “Hulle moet vir My 'n heiligdom oprig dat Ek tussen hulle kan woon.” God het geweet dat die Israeliete, wat lank onder verdrukking

verkeer het, ‘n sigbare voorstelling van Sy teenwoordigheid nodig gehad het, sodat hulle kon glo dat Hy naby hulle was. Deur die heiligdomstelsel sou hulle ‘n begrip van Hom verkry en sodoende nader aan Hom beweeg.

Ek sal net ‘n demonstrasie gee van hoe dit waarskynlik gelyk het. [Hy teken op die witbord ‘n klein reghoekie wat die heiligdom voorstel, en rondom dit ‘n groot sirkel wat ten minste een miljoen Israeliete verteenwoordig.]

Reg in die middel van die Israeliete is die Heiligdom… en in die Heiligdom was daar ‘n klein deeltjie, die Tabernakel van die Heiligdom… en in die Tabernakel van die Heiligdom was daar nog ‘n kleiner afdeling, die Heilige Plek, en agter die gordyn was die Allerheiligste… kan julle nog die voorstelling sien? Kan julle die detail van die Verbondsark sien, wat ek so pas geteken het? [gelag] Ja! Dit is waar God woon! Sy Shekinah heerlikheid was net bo die ark: tussen die kinders van Israel tydens hulle verblyf in die woestyn.

Nadat hulle uit Egipte getrek het, het God Homself bedags in die wolk en snags in die vuurkolom aan hulle getoon. Nogtans wou Hy steeds nader aan hulle kom. Hy wou op grondvlak met hulle verkeer. Die kinders van Israel het die nodige materiale geskenk en hulle het die Heiligdom daarmee gebou. God het 'n spesiale klein plekkie ingerig waar Hy onder hulle kon woon. Die Ark van Sy Getuienis, wat Sy ewige troon verteenwoordig, was daar. Wanneer Hy by hulle gekom het, was dit Sy plek.

Dink ons regtig vir ‘n oomblik dat God tevrede sou wees om net in ‘n klein plekkie te bly en beperk te wees tot Sy klein plekkie van nabyheid met Sy kinders? Nee! Dit was nie genoeg nie. Dit was nie goed genoeg vir Hom nie en beslis nie genoeg vir Israel om meer

omtrent Hom te leer nie. Hulle het God steeds misverstaan, net soos Adam. Hulle het gedink Hy is totaal anders as wat Hy werklik was. Hulle het gedink dat Sy beperking tot die Allerheiligste ‘n bietjie vreemd was… miskien het hulle so gedink… dit is nie in die Skrif opgeteken nie. Waarom kruip God weg in die Heiligdom, in die Tabernakel, in die Allerheiligste, oor die Ark, waar niemand Hom kan sien nie? Tensy hulle rondbeweeg het, bedags in die wolk en snags in die vuurkolom.

Dit was nie genoeg nie. Ons het al baie preke gehoor oor die verwarring wat ons as mense het, omtrent God. Dit was dieselfde vir hulle. Hulle het gedink God is hierdie groot Regter, ’n groot veroordelaar van almal wat ontbreek aan die heerlikheid van God: veral die vyande daarbuite. Hy sal hulle sekerlik haat! Hulle het nie die insig verkry nie … hulle het dit nie verstaan nie.

Die lesse wat God beplan het om hulle deur die Heiligdom en Sy dienste te leer, is dus nooit deur Israel verstaan nie. Eintlik was dit so erg dat die kinders van Israel agter ander gode aangeloop het, omdat hierde gode meer tasbaar was en makliker was om tevrede te stel.

Was dit nodig om God tevrede te stel? Het Hy dit verwag? Nee! God wou slegs deur Sy eie kinders geken word. Dit was ‘n moeilike taak om uit te voer. God het geweet dat die enigste manier waarop mense Hom sou leer ken soos Hy werklik is, was om akkuraat voorgestel te word deur iets wat hulle kon sien. Miskien ‘n medemens? Dit het Hy deur Sy Seun gedoen.

Ons beweeg nou van die Heiligdom na die Seun van God.

# "U het vir My 'n liggaam berei" – Nog 'n woonplek vir God

God het die Enigste wese in die heelal gestuur wat Hom intiem en volmaak ken en Hom kon voorstel soos wat Hy werklik is. Amen?

Gemeente:  Amen!

Hiervoor sê ons, "Halleluja!"

God het die wêreld so lief gehad dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het om Hom te verteenwoordig. Jesus het gekom en met nadruk gesê, "Hy wat My gesien het, het die Vader gesien… Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie, maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke." (Johannes 14:9-10).

Dus, indien ons wil weet hoe God in wese is… en ons wil en móét weet hoe God in wese is… dan is daar bewysstuk A… Jesus! Aangesien dit [wys na die prentjie van die Heiligdom op die witbord] beslis nie gewerk het nie… Dit was nie genoeg vir hulle of vir ons nie, alhoewel daar lesse daarin is waaruit ons steeds insigte kan verkry.

Hebreërs 10:5

"Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie,
maar U het vir My 'n liggaam berei."

Jesus het aarde toe gekom, maar nie om te sterf nie. Die mensdom dink dat God bloed nodig het om ons te vergewe, maar dit was nie waaroor dit gegaan het nie.

"SLAGOFFER EN SPYSOFFER WOU U NIE HÊ NIE, MAAR U HET VIR MY 'N LIGGAAM BEREI"… 'n Liggaam? Net om dit te offer? Nee, nee, nee,

nee! ‘n Liggaam waardeur Hy Sy Vader se karakter kon ten toon stel ... pragtig... aan die mense om Hom.

Kyk hoe duidelik stel hierdie vers die kwessie ter sprake! Dit was nie om God **tevrede te stel** nie, dit was om God te **verteenwoordig**, sodat ons Hom kan ken: en Jesus het dit in die vlees gedoen.

Johannes 1:14

“En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlikheid aanskou, ‘n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid.”

Natuurlik weet ons dat Jesus aan die einde van Sy bediening tot Sy Vader gebid het: “Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, **het Ek volbring**.” (Johannes 17:4). Hierdie werk was om aan die mense te onthul hoe God werklik is; en Jesus het dit volkome volbring. Daar was meer as net dit. Onthou dat God naby Sy kinders wou kom; dit is deur Christus, of sal ek eerder sê **in** Christus, dat God die Vader nog ‘n tree nader kon neem om by Sy kinders te wees.

Goed... hier is Jesus (teken ‘n figuur van Jesus op die witbord). Jesus is daar... en waar is God? Voorheen het God ‘n klein plekkie op die ark in die Heiligdom gehad. Nou het God ‘n plek **IN** Sy Seun. “God [het] IN Christus die wêreld met Homself versoen.”

Die Ark het nie beweeg nie, behalwe wanneer hulle getrek het. Die Shekinah heerlikheid was beslis nie daar wanneer die Ark rondgedra is nie. Nou het God egter Sy Seun om Sy karakter duidelik voor te stel, om insig te gee aan wat Hy probeer sê het in die Heiligdomstelsel. Jesus was daarbuite tussen die mense, daarom kon

die Vader deur Christus met meer van Sy mense meng. Kan jy sien hoe groot is die stap wat Hy geneem het vanaf hierdie permanente plek [die Tabernakel], na ‘n plek waar Hy deur Sy Seun kon rondbeweeg?

### Tweede Korinthiërs 5:18

“En dit **alles** is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het,”

Dis die volgende step…

### Vers 19

“naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou.”

Let noukeurig op: die versoening tussen ons en God was nie gebaseer op ‘n stelsel *om God tevrede te stel* nie. Dit kon nie wees nie, want so 'n stelsel stel nie die *karater* van God korrek voor nie. Veroordeling kom van wie af? Van Adam, nie van God nie. Onthou wat in Romeine 5:16 staan.

Skeiding het van Adam gekom, nie van God nie. Adam het weggekruip, nie God nie. God het geweet wat in Adam se hart was. Adam het net nie geweet wat in God se hart was nie. Hy is verblind deur die vyand wat sy denke verdraai het deur leuenagtige stories oor God aan te dra. Hy het dit sonder enige twyfel geglo!

Die misverstand was Adam se probleem, nie God s’n nie. Daarom was die oplossing om ons van sonde te red nie om meer vrees en veroordeling, deur ‘n bevredigende offerstelsel, te bring nie, maar om vrede en versekering te skep dat God ons liefhet – en dat daardie

liefde ons nooit gefaal het nie – en dit het Hy gedoen deur ‘n liggaam wat Hy voorberei het… Sy Seun.

‘n Ware voorstelling van God se goedheid in al Sy heerlikheid moes gegee word om die gemoed van die mens gerus te stel. Dit was *berusting* wat nodig was, **nie** *bevrediging* nie. Ons gemoed moes tot ruste kom om in berusting met God te wees – om te sien hoe Hy werklik in wese is, in AL Sy liefde. Slegs die aanskoue van God se ware liefde vir ons kan ons harte na Hom terugtrek. Dit is versoening! Dit is pragtig en volmaak gedoen in en deur die lewe van ons Heer, Ons Verlosser en ons kosbare Broer, Jesus Christus.

Die lewe van Jesus demonstreer duidelik *hoe God in wese is*. Die dood van Jesus demonstreer duidelik *hoe ons in wese is*. God is ‘n lewe-gewer en niks anders nie. Ons is van nature lewe-nemers en niks anders nie. God leef in hoop. Ons lewe in vrees. God verlustig Hom in genade. Ons verheug ons in veroordeling: daarom leef ons in vrees. Ons verwag om geoordeel te word volgens ons eie oordeel. Dink aan die verhaal van Kain.

Ons verwag dat God ons sal oordeel, want dit is wat **ons** doen. Ons dink God is net soos ons (Psalm 50:21). Die meeste mense dink so, deur gedurig te oordeel en te veroordeel. Dit is hoe die meeste mense leef, beweeg en optree, met die gedagte dat God oordeel en veroordeel en vernietig. Intussen leef ons in werklikheid in die skadu van ‘n afgod van ons eie misverstand. Dit bring slegs selfveroordeling en veroodeling van ander: 'n nimmereindigende slingerstryd.

Om die siklus van ons selfveroordeling en vrees vir God te verbreek, het God sy eniggebore Seun, Jesus, gestuur om Sy genadige karakter, Sy ewige barmhartigheid en Sy heerlike genade aan ons te toon. Ons het nie meer nodig om God te vrees nie, want die beeld van God is

reggestel. Die misverstand en wanbegrip van God is uit die weg geruim. Sodoende word die versoeningsproses in Christus voltooi.

Indien ons verstaan dat God se gedagtes teenoor ons vrede, hoop en oorvloed van vreugde inhou, sal ons Hom nader met 'n volledige oorgawe van ons lewens en ons planne. Ons sal aan Hom ons harte gee vir veilige bewaring, maar slegs indien ons werklik in ons harte versoen is. Daarom is Jesus Christus die Leidsman en Voleinder van geloof… daarom is Hy die Leidsman en Voleinder van *ons* geloof, want deur na Hom op te sien, verstaan ons hoe God in wese is en besef ons *uiteindelik* hoe lief Hy ons het.

Halleluja! Die beskrywing wat God jare gelede van Homself oor Sy karakter aan Moses gegee het, is korrek bewys. Dink jy dit is waar? Glo jy dit? In Jesus is dit bewys dat dit korrek is! God is "barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe." (Exodus 34:6,7). Dit is God se gesindheid teenoor ons.

Die lewe van Christus het ons eens en vir altyd getoon dat God nie belangstel in 'n regsversoening wat op bevrediging gebaseer is nie; waar iemand moet sterf om die sondeskuld wat God vereis het, af te betaal – en totdat hierdie dood ingetree het en God se toorn bedaar het, sal Hy nie vergewe nie. Is dit WERKLIK so? Dit kan tog nie so wees nie! Dit is tog onlogies indien jy dit so benader!

Christus se lewe toon ons dat die Vader grootliks begeer dat ons Sy genade ken, asook Sy gewilligheid om ons sonde te vergewe en ons samesyn te herstel… ons versoening … ("our ONENESS… that is why the word "atonement" was developed – "at-one-ment" ).

Ver-soen-ing of ‘At-one-ment’… om twee partye byeen te bring, om een te word.

Terwyl ons nog sondaars was, terwyl ons nog ‘n totaal verkeerde begrip van God se karakter gehad het, het Christus vir ons gesterf. Hoe wonderbaarlik en genadig is dit tog! Hy het gesterf, nie om ‘n skuld te vereffen wat God vereis het nie, maar om ons te toon dat ons van nature vol haat en veroordeling en in ongeloof teenoor God se ware karakter staan. Nadat Hy ons getoon het hoe ons werklik in wese is, kon Hy sê, ‘Het jy agtergekom dat Ek jou steeds liefhet? Ek is steeds lief vir jou… maak nie saak wat jy aan My gedoen het of steeds doen nie. Ek is steeds lief vir jou… Ek is steeds lief vir jou!’

Dit is wat hulle aanvanklik in die Hemel, tydens die oorsprong van Satan se rebellie, nie verstaan het nie. Die engele moes tog gevra het: Hoe werk God se liefde? Hulle het nie verstaan nie! Hoekom het Lucifer die hemel verlaat? Het hy enige wettige redes gehad?

Dit is nogal ‘n redelike komplekse proses om van God se *agape* liefde te leer. Dit is moeilik vir ons om dit te begryp… om Skrif met Skrif te vergelyk en om gedagtes uit te ruil en om vorendag te kon kom met hierdie prag in die evangelie… korreksie, nie om vorendag te kom nie… maar om hierdie HEERLIKE EVANGELIE te *ontvang*. God wag al duisende jare in die hoop dat die mensdom na die waarheid oor Sy liefde sou uitreik. Hy het gepleit dat ons die waarheid oor Hom, soos geopenbaar in Sy Seun, sal aanvaar. Wil iemand dit graag hê? Wil enigiemand die waarheid omtrent Hom glo? Dit is gratis beskikbaar! Enigiemand? Dit is gratis! [… dit wag vir ons om hierdie skat te ontvang…] om te koop sonder geld, sonder prys. Ja, Christus het vir ons gesterf. God het toegelaat dat dit gebeur. Hy het nie vereis dat dit moet gebeur nie.

Die dood van Christus het aan ons eens en vir altyd ons onnosel idee uitgelig; dat iemand moes sterf om vir ons sondes te betaal, is ‘n vreemde idee vir God. God het dit wat die kosbaarste vir Hom was, gegee, sodat ons nooit weer sou dink om Hom met iets te bevredig nie, want wat kan Hom meer bevredig as dit wat Hy self aan ons gegee het? Hy pleit by ons, “Kan jy nie sien nie? Ek is die Een wat gee en gee; jy het niks om aan My te gee nie en ek benodig ook niks om ons verhouding te herstel nie!”

Wat het ons onlangs hieromtrent geleer? Ons het geleer dit is ‘n heidense konsep. Om te glo dat iemand moes sterf om God te betaal weens Sy toorn, ‘n heidense konsep. Bevrediging is die basis van afgodery. Dit is regtig baie hartseer dat ons aan hierdie heidense konsep vasgehou het en dit die “evangelie” genoem het. Prys die Heer vir Sy oorvloedige genade en vergifnis!

Wat het met Jesus drie dae na Sy kruisdood gebeur? Jesus het uit die dood opgestaan. Dink nou ‘n bietjie daaraan. Indien die straf vir sonde ‘n ewige skeiding van God deur die dood is, het Jesus nie daardie straf gedra nie, omdat Hy nie vir ewig gesterf het nie. Party mense was al langer in komas as wat Jesus dood was… dus kon dit nie die straf gewees het nie… dit kon nie die boete gewees het nie.

Indien die straf vir sonde bloedvergieting is, dan het baie mense deur die geskiedenis reeds hul bloed gestort vir die Here. Het hulle dan op hierdie manier hul eie straf gedra? Sommige Christene sal sê, “nee, dit moes *Goddelike* bloed wees… dit moes Goddelike bloed wees om die straf te dra ter wille van die *Goddelike* wet wat oortree is; daarom kon slegs Christus dit doen.”

Hieroor gooi ateïste hul hande ontsteld op in die lug en roep uit, “Julle God is waansinnig! Julle God vereis die dood van Sy eie Seun voordat

Hy ander sal vergewe? Dit is darem een te veel!” Ek het saam met ‘n ateïs die Bybel bestudeer, wat presies hierdie gedagtes aan my oorgedra het. Hy sou nooit so ‘n God kon aanvaar nie... Nogtans het hierdie persoon nou ‘n pragtige verhouding met Hom as gevolg van die EWIGE EVANGELIE, nie die evangelie van bevrediging van ‘n bloeddorstige God nie.

Gemeente: Amen.

Dit was nie die dood van Sy Seun wat vir sondes betaal moes word nie. God wil ons eenvoudig vergewe. Hy wil hê dat ons erken hoe ons in wese is – skuldbelydenis. “As ons ons sondes bely...” Wat sê die Bybel? “...Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.” (1 Johannes 1:9). Dit is al wat Hy wil hê! Ons moet net onsself verootmoedig, ons sonde bely en nederig voor Hom kom.

God wil ons bloot vergewe, maar ons stel aanhoudend voorwaardes waaraan ons moet voldoen sodat Hy ons kan vergewe. Is dit nie buitensporig nie? Ons doen dit, omdat ons so met mekaar omgaan, en daarom kom ons tot die gevolgtrekking dat God so met ons moet omgaan. Nee!

Om saam te vat, net voordat ek die finale deel van die praatjie ingaan:

1. Omdat die sonde in die tuin van Eden ons van God geskei het, het ons misverstand oor God ons van Hom laat wegkruip. Dit het God baie, baie hartseer en bedroef gemaak. ‘n Versoeningsproses moes dus ingestel word. Die Ewige Evangelie het in die tuin van Eden begin.

2. Alle kommunikasie met die mensdom was vanaf daardie tyd af deur Sy Seun, wat met Adam en Eva in die tuin sou spreek. Hy het ook deur die eeue heen met die patriarge en profete gepraat, aangesien hulle Hom toegelaat het om naby hulle te kom. Hy sou die verlossingsplan uiteengesit, maar dit was nie altyd duidelik verstaan nie.
3. God het Moses gevra om 'n heiligdom te maak, sodat God onder hulle kon woon… om naby Sy kinders te wees. Sy Shekinah het Sy teenwoordigheid getoon. Ongelukkig, soos ons weet, het dit beperkings gehad. Die mense het steeds na afgode gereik wat meer soos hulle opgetree het.
4. God het dus Sy eniggebore Seun gestuur: God het in Christus die wêreld met Homself versoen in elke pragtige handeling, in elke aanraking en genesing van iemand; die breek van brode en die vis om die mense te voed; elke aanraking, die aanraking van die melaatses en die voetewassing van die dissipels op daardie laaste aand; die breek van die brood en die beker wyn; elke pragtige handeling is met waardigheid en genade gedoen en was 'n weerspieëling van die Vader se karakter in heerlikheid. Ongelukkig het die meerderheid Hom verwerp. "Hy het na sy eiendom gekom" sê Johannes, "en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie." (Johannes 1:11) Deur Christus te verwerp, het hulle ook die Vader verwerp.

Omdat Jesus sy Vader se liefde vir ons en die ware verlossingsplan geken het, het Hy kortliks die vereistes vir versoening tussen ons en Sy Vader uiteengesit. Diegene wat Sy woord ontvang en vertrou op Sy belofte, dat God ons liefhet, sal weer in gemeenskap met die Vader en met Christus herstel word.

Jesus het in Johannes 14:23 gesê – "As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar (wat die woorde van die Vader is), en my Vader sal hom liefhê, en **Ons** sal na hom toe kom en by hom woning maak." Is dit nie 'n pragtige belofte nie! Die versoening sal plaasvind.

Johannes neem hierdie gedagte weer op in sy eie sendbrief, in 1 Johannes 1:3-4. "Wat ons gesien en gehoor het (vers 1 en 2 praat van ons hande en voete wat die Woord van die lewe aangeraak het), verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê (wat is gemeenskap? Dit is 'n hereniging, 'n samekoms, 'n innigheid, 'n verbintenis tussen mense); en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus. En ons skrywe hierdie dinge aan julle, sodat julle blydskap volkome kan wees."

Is dit vir ons ook waar? Is dit wat ons aan mense bied? Kom in gemeenskap met ons... ons gemeenskap is waarlik met die Vader en met Sy Seun. Wat meer kan jy vra?

Die presiese dinge wat Jesus belowe het, is presies die dinge wat Johannes bevestig het dat hy saam met sy mede-gelowiges beleef het. Ja, dit is wat ons ook beleef het... ek is bly dat ek ook myself kan verbind aan daardie gemeenskap, met daardie soort verhouding, daardie soort versoening... En om nie afhanklik van iemand anders te wees om 'n rol te vervul nie, en ek het dit reeds vroeër genoem, om 'n rol te vervul wat Jesus en Sy Vader nie langer kan vervul nie, omdat Hulle steeds van ons geskei is. Versoening beteken niks indien versoening beteken dat Hulle steeds daarbuite is en iemand anders Hul plek moet inneem.

Ek hou van die gemeenskap waaroor Johannes skryf. Gemeenskap met die Vader en Sy Seun!

“En ons skrywe hierdie dinge aan julle, sodat julle blydskap volkome kan wees.” Halfvol?... Nee!... Volkome! Jy kan blydskap in volheid ervaar met die Vader en Sy Seun, volgens die Skrite.

“Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo.”
(Johannes 1:12)

Die seël van hul seunskap was die teenwoordigheid van die Gees van Sy Seun: “En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader!” (Galasiërs 4:6).

Wanneer ons glo dat God ons so liefgehad het dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, en wanneer ons glo dat God ons so liefgehad het dat Hy die Gees van Sy eniggebore Seun in ons harte gestuur het, om Abba Vader uit te roep, en wanneer ons glo dat ons werklik gemeenskap met die Vader en Sy Seun het, soos belowe deur Christus en bevestig deur Johannes en deur hom beleef, dan kan ons verseker weet dat die versoeningproses voltooi is wat God in plek gestel het in die Tuin van Eden 6000 jaar gelede, wat verlang na die vervulling daarvan... en wat vandag aan ons beskikbaar is.

Vandag word hierdie woorde in ons midde vervul. God het deur Sy Seun, Jesus Christus, Homself beskikbaar gestel vir ‘n pragtige verhouding met jou, en met my, en met enigiemand anders daar buite wat Sy belofte sou opeis, dit kan vashou, en dit verstaan, ja, enigiemand wat dit werklik begeer. In hierdie pragtige verhouding wil God saam met Sy Seun in ons harte woon, deur Sy persoonlike Teenwoordigheid, die Heilige Gees.

God was aanvanklik in die Heiligdom en het nie veel rondbeweeg nie. Daarna was Hy in Jesus, en Hy was in staat om verder in Jerusalem

en al die omstreke te beweeg, insluitend in 'n paar heidense gebiede. Nou word die belofte uitgebrei na Australië, Nieu-Zeeland, Asië, Amerika, Afrika en orals waar gelowiges gemeenskap met die Vader en die Seun verlang. Deur die versoeningsproses is dit moontlik dat die Vader persoonlik by ons kan wees. Hoe ver kan die Vader nou rondbeweeg? Met hoeveel van Sy kinders kan Hy nou gemeenskap hê?

Gemeente: Almal!

Almal… deur Sy Heilige Gees. Kyk net hoe die versoeningsproses uitgebrei het … die wil van God is volbring! In die heiligdom kon God ***tussen*** hulle wees. In Christus kon God ***by*** hulle wees. En nou, deur die Heilige Gees, kan Hy ***in*** ons wees. Die versoening is werklik volbring! Ons is versoen met ons Hemelse Vader! Halleluja!

## Onrein dinge wat ons van God skei

2 Korinthiërs 6:16-18

Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan **wat onrein is** nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige.

Wat is **onrein dinge** wat ons van God skei? Is dit 'n stuk hout wat kunstig uitgekerf is, of 'n stuk klei wat in 'n bepaalde vorm of 'n beeld

gevorm is? Is dit die onrein dinge wat ons van God skei? Is dit dalk ‘n spesifieke kossoort wat nie goed vir ons liggame is nie? Sal dit ons skei van God? Is dit dalk ‘n alkoholiese drankie, wat ‘n negatiewe effek op die verstand en oordeel het? Wat van plekke wat die goddelose besoek en waar slegte dinge gebeur? Miskien is al hierdie dinge onrein, en kan dit ons van God skei, maar wat is die WARE ONREIN DING wat ons van God skei?

Gemeente: Die Babiloniese kleed.

Babiloniese kleed!

Gemeente: Verkeerde identiteit

Miskien is die werklike onreinheid wat ons van God skei, die misverstand en wanvoorstelling wat ons van ons hemelse Vader het: die verkeerde oordeel oor God deur te laat blyk dat Hy ‘n kwaai, beskuldigende, wraakgierige, haatdraende God is, wat Hy nie werklik is nie! Miskien is dit die onreinheid wat ons van God skei? Vanuit hierdie onrein konsep van God kom al die onrein aksies en gedagtes teenoor God na vore; ons kortsinnigheid lig die hopeloosheid van ons gehoorsaamheid uit. Hierdie verkeerde beeld van God het ons harte onrein gemaak.

Laat Hom toe om dit deur die openbaring van Sy liefde in Sy Seun, Jesus Christus, te verwyder. Hy sal jou ontvang wanneer jy ophou om van Hom weg te hardloop.

Indien jy Hom in jou hart toelaat, volgens Sy begeerte, sal Hy weereens, met jou toestemming, ‘n Vader vir jou wees en ons sal Sy seuns en dogters wees.

Nader tot God en wat sal Hy dan dadelik doen?

Gemeente:  Hy nader tot ons.

Ja, Hy nader tot ons! (Jakobus 4:8). Dit is wat Hy nog altyd wou hê, maar Hy wag dat ons op Sy Gees reageer. Dit was nog altyd Sy plan en gebeerte… dat ons Hom sou innooi.

Wanneer hierdie evangelie van die koninkryk verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies, dan sal die einde kom. Dan sal die onsigbare paadjie wat ons nou met God bewandel, plek maak vir die sigbare wandel met Jesus tydens Sy wederkoms en ons huistoe neem na die huis van Sy Vader, waar die wonings voorberei is en op ons wag… nou reeds vir 'n lang tyd.

Is dit jou begeerte om met Hom te wees waar Hy is?

Is jou begeerte om te wees waar Hy is?

Gemeente:  ja!

Laat Hom dan toe om te wees waar Hy nou graag wil wees.

Gemeente:  Amen!

Laat Hom nou wees waar Hy so graag nou wil wees. Dit is versoening… om baie naby aan jou te wees; trouens, in jou hart… dit is Sy begeerte. Binnekort, en baie gou, sal ons in ons hemelse tuiste herstel word, om nooit weer van mekaar te skei nie.

Kom ons neem hierdie goeie nuus oral in ons wêreld in; laat ons mense vertel dat hul hemelse Vader nooit enige bose bedoelings teenoor hulle koester nie. Laat die mense weet dat Hy daarna verlang om met hulle versoen te word en ook om 'n plek in hulle harte in te neem, en om vir hulle 'n verwagte toekoms te gee… 'n

positiewe toekoms… ‘n pragtige einde. Die wêreld het nou goeie nuus nodig, nie waar nie?

Gemeente: Ja!

Laat ons diegene wees wat dit deurgee. Kom ons neem dit en laat ons deel wat ons ervaar het… wat ons gesien, gehoor en gevoel en met ons eie hande aangeraak en hanteer het.

Mag God ons seën as ons dit deel met al die mense regoor die wêreld, nie slegs wat ons weet nie, maar wat ons saam met ons Vader en met Sy Seun ervaar en steeds ervaar. Laat hulle weet dat daar ‘n God in Israel is wat smag om Sy Seun te stuur om ons terug te neem huistoe om by Hom te wees. Amen!

Gemeente: Amen!

Laat ons bid: Ons genadige Vader, ons dank U vir die helderheid van die boodskap van die Skrif, dat dit nie U is wat ‘n struikelblok vir ons opgestel het nie, maar dat dit ons is wat 'n struikelblok vir U opgestel het. Vergewe ons hiervoor, Vader. Vergewe ons dat ons U nie verstaan nie, dat ons U totaal verkeerd voorstel.

Ons dank U dat U agter ons aangekom het. U het Jesus na die wêreld gestuur om te kom soek en te red wat verlore is. U was in Hom om die wêreld met Uself te versoen. U het ons die Woord van versoening gegee; U het Uself aan ons gegee, U het U Gees gegee om in ons te woon, om U goeie werk in ons te verrig.

Vader, wanneer ons weggaan van hierdie kamp, vanaand of môre-oggend, wanneer ons van mekaar skei, sal ons hartseer wees, omdat ons lief is vir mekaar; ons geniet mekaar se geselskap, die gemeenskap van gelowiges, die volheid van die vreugde, en tog moet

ons vertrek. Daar is werk op al die onderskeie plekke. Ek bid U seën op elke hoof wat hier gebuig is, elke persoon en gesin wat aanlyn inskakel is. Vader, seën hulle met die versekering dat God hulle liefhet, ongeag van wat gebeur, sodat ons kan ophou om onsself slae te gee met selfoordeel en veroordeling van ander, want U oordeel is finaal en U sal ons gee wat ons begeer.

Vader, ek bid dat ons begeertes in ooreenstemming met U begeertes sal wees; dat U vergifnis en bereidwilligheid om te vergewe weerspieël word in ons bereidheid om jammer te sê en van ons sondes af te sien; dat U U goeie werk sal voltooi, sodat die lewe van Christus en die gesindheid van Christus ons s’n word.

Vader, ek dank U weer vir al die boodskappe van hierdie week, die pragtige boodskappe wat hier van voor af gegee is. Ons dank U dat ons dit kan opneem en aanlyn beskikbaar kan stel sodat mense daarna kan kyk, want indien ons stemme gestil word, sal U woord steeds uitgaan.

Seën U Woord, die Bybel, in elke uithoek van hierdie wêreld. Waar mense dit lees, mag hulle die Waarheid verstaan soos dit in Christus is, sodat U werk en die heerlikheid van God onder alle nasies voltooi mag word, sodat die einde mag kom. Ek dank U, Here, dat U hierdie gebed verhoor en ook vir hierdie tyd saam, in die Naam van Jesus … Amen.

# Die Innigheid van God

## Hoe Kosbaar om die Teenwoordigheid van my Heer te Ken

‘n Kampvuur-kuier klink heerlik! Wat sal gebeur as daar iemand is van wie jy nie hou nie? Daardie paar uur kan baie ongemaklik vir almal om die vuur wees.

Stel jou nou voor dat jy uitgenooi word om die ewigheid saam met God om sy kampvuur deur te bring. Ongelukkig het jy soveel slegte dinge van Hom gehoor… Waarom moet jy die ewigheid deurbring met iemand wat ‘n beheervraat en kwaai is, iemand van wie jy glad nie hou nie? Wel, dit mag die slotsom wees waartoe jy gekom het omtrent God, uit wat jy van Christene sowel as nie-Christene gehoor het.

Maar sê nou ons is almal mislei? Sê nou Hy is nie die beheervraat-boelie wat mense Hom uitgemaak het nie? Sê nou Hy is werklik ‘n Vader wat eintlik slegs die beste vir Sy kinders wil hê en naby hulle wil wees? Hoe kan Hy ons wanopvattings van Hom verander en dit vervang met ‘n verlange om tuis by Hom, ons Pappa, te wees? Lees gerus hoe ons hemelse Vader probeer om dinge vir ons reg te stel, in die hoop dat ons van gedagte omtrent Hom sal verander. Hy het nog nooit Sy gedagte omtrent ons verander nie.